# Volks Konsilie – Vryburg 2025

## JESAJAH 51:1,4, 7-8

https://youtu.be/fIhtkS8jMoE?si=v0R7Jg-CKlUVhu3c

Jesajah is n Boek met wonderlike woorde, Woorde ***van hoop en aanmoediging, van verlossing en uitkoms*** en ***woorde van seeninge vir YHWH se volk.***

Die Vraag wat ons vir onself moet vra: wanneer YHWH hierdie profetiese beloftes in Sy woord openbaar,

- se Hy dit ook vir jou en vir my?
- gaan ons hierdie profetiese beloftes onvang?

Die **antwoord** op hierdie vraag ***lê in Jesajah 51***.

(Jes 51:1) **Luister na My**, *julle wat die **geregtigheid najaag***, wat YHWH soek! ***Aanskou die rots*** waaruit julle gekap is en ***die holte van die put*** waaruit julle gegrawe is.

(Jes 51:4) **Luister na My**, *my volk, **en neig die oor tot My, my nasie**!* Want ***'n wet*** sal van My uitgaan, en Ek sal ***my reg*** vasstel as 'n ***lig van die volke.***

(Jes 51:7) **Luister na My**, *julle wat die **geregtigheid ken, volk in wie se hart my wet is**!* Wees nie bevrees vir die smaad van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie;

(Jes 51:8) want die mot sal hulle opeet soos 'n kleed, en die wurm sal hulle verteer soos wol; maar ***my geregtigheid sal vir ewig bestaan*** en ***my heil van geslag tot geslag***.

In die gelese gedeelte uit die Woord van YHWH word 5 sake na vore gebring

1) n Wet
2) YHWH se Reg
3) n Lig
4) YHWH se geregtigheid
5) YHWH se Heil

YHWH antwoord sy volk hier in n baie spesifieke manier.

Hy begin met opdragte en instruksies.

Dit is algemeen dat baie gelowiges nie so ontvangklik is vir opdragte/instruksies nie, en dit as Ou Testamenties beginsels beskou.

Baie gelowiges glo dat die Nuwe Testament beginsels, nie instruksies bevat nie, maar dat jy slegs geloof moet he.

Maar ons sien die teendeel in Messiah se bediening, met die begin van sy bediening, in die Nuwe Testament, met vele opdragte vir sy disipels.

Hierdie opdragte en instruksies is ook vir ons as gelowiges vandag. Dit bepaal, of ons instaat sal wees om die wil van YHWH tewete sal kom. As ons nie die wil van YHWH ***tewete kan*** kom nie, en nie sy ***wil kan doen*** nie, behoort ons ook ***niks van YHWH te verwag*** nie. En daarom sal ons dan nie die ***ontvanger van YHWH seeninge*** wees nie.

(Jes 51:1) Luister na My, ***julle wat die geregtigheid najaag***, die wat YHWH soek!!

Die vraag is; wat is dit wat ons najaag in ons lewens.?

Kom ons leer eers wat is die geregtigheid waarvan hier gepraat word?

Daar is n inherente vervantskap tussen ***YHWH se wil*** en ***YHWH se geregtigheid***.

- Wanneer ons in die waarheid wandel, doen ons die geregtigheid.
- Wanneer ons onself oorgee aan die salwing van die Heilige gees dan beweeg ons in die Gees van geregtigheid.

Dit is ***HY wat ons lei*** en dit is ***Hy wat ons rigting gee***.

As ons YHWH in ons lewens wil he, sal HY ook aan ons Sy voorsiening gee…

Alles is die uitkoms van ***ons eie besluite***, om die geregtigheid na te jaag of nie.

Dan spreek YHWH verder ; die ***Soekers van YHWH aan***

(Jes 51:1) Luister na My, julle wat die geregtigheid najaag, ***die wat YHWH soek!!***

***Net n opmerking***:

Dit is interressant dat die manier hoe die profetiese woorde in die meeste profetiese boeke in die Skrif, eie is aan die Hebreeuse digkuns.

Parallelisme is een so n karakter eienskap van die Hebreeuse digkuns. Ons sien dit in die twee frases van; najaag van die geregtigheid en soekers van YHWH. ***Najaag en soek***.

Ons leer dit ook ***dat YHWH geregtigheid is***, en dit is ***parallel met Sy opdragte en instruksies*** (Die Wet van YHWH). Daarom, as ek n soeker is van YHWH, gaan ek die geregtigheid van YHWH najaag.

(Jes 51:1) Luister na My, *julle wat die* ***geregtigheid najaag***, wat YHWH soek! ***Aanskou die rots*** waaruit julle gekap is en ***die holte van die put*** waaruit julle gegrawe is.

Verder in hierdie vers; ***Aanskou die rots waaruit julle gekap is en die holte van die put waaruit julle gegrawe is.***

Die vraag is; *Verstaan ons die rots waaruit Israel gekap is en die holte van die put?*

Abraham is die fondasie van YHWH se volk . Ek is die God van Abraham, Isak en Jakob , die God van Israel. YHWH gaan hierdie volk gebruik om Sy wil te doen. Soos Abraham ***YHWH se opdragte en instruksies in*** gehoorsaamheid aan YHWH, na gejaag het, het hy dan ook ***die seeninge van YHWH ontvang***. Abraham was net een man wat die geloof gehad in YHWH, en het die seen ontvang, en dit is om n volk vir YHWH te wees.

- Ek glo dat Die fondasie van die Geloftevolk, ons volk, is uit Israel en dit is die volk van YHWH.
- Die holte van die put is waar water in opgegaar word. So gereeld leer ons uit die Skrif, dat water, parallel is met seeninge van YHWH en van die vreugde van Verlossing.

Alhoewel Israel vervolging en ballingskap in die gesig staar , is daar n woord van YHWH vir Sy volk; ***want YHWH vertroos Sion***.

Sion n Hebreeuse woord en is n koningryk woord.

En die belofte van YHWH is dat ***Hy die koningryk van Israel*** gaan herstel. Die Israel volk in die noorde van Israel is reeds in ballingskap. En die Israel volk in die suide, is oppad na n ballingskap. Maar YHWH gee n belofte van herstel van die ***koningryk van Israel***.

Die volk is in n tyd van ongelooflike onsekerhied. Hulle gaan uit die land gejaag word en verdruk word en die hoofstad, Jerusalem gaan verwoes word.

Vertroos in Hebreeus is; nigham – niham…

Dit was dieselfde woord wat Yahshuah gebruik het toe hy met sy bediening begin het. Hy het Nazareth verlaat en na n plek gegaan met die naam; ***kefar nahum***

- **Kefar** of kippur beteken: klein dorpie
- **Nahum** beteken: vertroos en of gemaklik en of gerus

Wat ons vandag **Capernaum** noem.

Jesajah gebruik die woord ***nigham*** – ***vertroos*** – gereeld om YHWH se belofte van vertroosting vir Sy volk soos belowe, te beskryf. Daarom moet ons onthou uit ***watter fondasie ons kom*** en wat die ***fondasie is van God se volk*** - dit is ***geloof en gehoorsaamheid*** aan YHWH sodat ons SY seeninge mag ontvang.

In die huidige toestand gaan ***die Geloftevolk nie geseen word nie,*** maar in ballingskap gelaat word. Daarom moet ons ***die geloof en gehoorsaamheid*** he, omdat daar ***die belofte van herstel*** is en dit sal ook kom.

- **Say son** beteken: blydskap
- **Simcha** beteken: waardering

Daar gaan ***blydskap en waardering*** wees in Sion.

Daar sal ***lofprysing en gesange*** wees oor hierdie herstel.

Vers 4: (Jes 51:4) Luister na My, *my volk, en neig die oor tot My, my nasie!*

Hier is drie primere woorde vir ***Luister*** en ***neig die oor***.

- ***Luister*** – ontvang en verstaan die openbaring van die profetiese woord
- ***Hoor*** – is soos om gehoor te gee aan – soos hoor en reageer in die geloof
- ***Neig die oor*** – beweeg en kom naby YHWH – is letterlik om n woord in iemand se oor te plaas . Dit is soos om direk in iemand se oor te praat. En om dit te kan doen moet jy baie naby die person wees. Daarom is die woord om baie intiem te wees. ***Om jou oor baie naby aan YHWH te hou***.

(Jes 51:4) Want ***'n wet*** sal van My uitgaan, en Ek sal ***my reg*** vasstel as 'n ***lig van die volke.***

***Die Wet wat hier sal uitgaan is van YHWH self.***

Die frase: ***ki mitsiyon tetse torah***. Dit beteken in baie profetiese boeke wat ons lees:

- ***Uit Sion sal die Woord van YHWH kom en al Sy opdragte en instruksies.***

**Jesajah 51,**

- is n Messiaanse profetiese woord,
- en dit is ook n profetiese woord vir die eindtyd.
- Dit spreek ook van die tweede koms van die Messiah met betrekking tot die herstel van die Koningryk van YHWH. Die Koningryk van Israel.

En dan die volgende parallel: ***die Wet en die oordeel*** is weer n parallel met mekaar. Ek sal **my reg** vasstel as 'n **lig van die volke.**

Die reg is **nie om te veroordeel** in die sin van n strafgerig nie, maar om die **oordeel te sien in die lig van geregtigheid**. So ***die Wet is die instrument*** en dit gee vir

***ons die perspektief*** om te weet ***wat reg en wat verkeerd is***.

So die oordeel kom in mediasie sonder veroodeling. Daarom sal die ***reg wees soos n lig vir die volke.***

**Regua** beteken: om te ontspan – in vrede en gerustheid en in troos ontspanne te wees…

Vraag: wanneer moet ons ontspan – en in vrede en gerustheid en in troos ontspanne te wees…

Wanneer die WET in vervulling gaan.

Ja … Yahshuah het die Wet vervul.

Maar, Wanneer ***ons in gehoorsaamheid*** met YHWH wandel, onder die leiding van Ruach ha Kodesh - die Heilige Gees, sal ons die nakoming van ***Sy opdragte en instruksies, najaag en doen***. Daarom sal ons nie die oordeel vrees nie, dit sal soos n lig vir die volk wees.

En dit is waardeur ons die openbaring van YHWH self, sal ontvang.

(Jes 51:7) Luister na My, *julle wat die* ***geregtigheid ken, volk in wie se hart my wet is****!* Wees nie bevrees vir die smaad van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie;

Ons sien dat vir die derde keer dat die woord gebruik word, hoor of om te hoor en te luister.

***Met wie word hier gepraat?*** Die wat die geregtigheid ken…

Hoe weet ons, en ken ons, wat geregtigheid is? Die volk in wie se hart Sy Wet is…Ek wil hier beklemtoon:

- Hierdie is n Messiaanse profetiese woord,
- en dit is ook n profetiese woord vir die eindtyd.

Hier word gepraat met die wat YHWH gaan hoor, en reageer op wat YHWH van ons verwag... Dit is die wat die Messiaanse verwagting het, en verstaan wat Messiah hier gaan kom doen.

Messiah gaan hierdie bestel kom verander, en die wat Hom hoor, hoef nie te vrees nie.

Maar……

**Die** wat aan hierdie **wereld wil en gaan vashou**, gaan se dat die Geloftevolk se geloof, skandelik is, en met minagting en met humanisme sal hulle ons Geloftevolk veroordeel. Daar sal ook lastering van hulle wees. Ek haal aan:

(Jes 51:7) "Wees nie bevrees vir die smaad van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie"

(Jes 51:8)  want die mot sal hulle opeet soos 'n kleed, en die wurm sal hulle verteer soos wol;

Moenie laat al hierdie dinge jou verhouding met YHWH beinvloed nie. Moenie net opgee nie.

Wat moet ons onthou?

Die **geloof en gehoorsaamhied** van ***Abraham, Isak en Jakob, en wat hiermee saam gaan, die Beloftes van YHWH, vir sy Koningryk in Israel***.

YHWH gaan hierdie wereld en sy humanistiese inwoners , soos rook laat opgaan. Moenie toelaat dat die humanistiese skande wat mense oor ons as Geloftevolk wil bring, ons laat twyfel nie.

<u>Die boodskap hier,</u>

- is om gereed te wees vir die Messiaanse verwagting.
- Met die verwagting dat die Messiah gaan kom.
- Dit is hulle met **die Wet in hulle hart** en **verstand**,
- en wat hulle **verstaan** van **wat** die **verordeninge** van YHWH inhou.

Wat die die Geloftevolk nou nodig het, is om die **geregtigheid na te jaag** en **YHWH te soek**, en dat ons volgens hierdie **instruksies en opdragte** van YHWH, in SY Woord, **moet leef**.

Die **opdragte** van YHWH is die **instruksies** van YHWH.  Ons verstaan dat dit die regte dinge is om te doen. Ons sal gelei

word deur die WAARHIED van YHWH. Omdat ons die oordeel van YHWH verwag.

(Jes 51:8) maar ***my geregtigheid sal vir ewig bestaan*** en ***my heil van geslag tot geslag***.

Jurgens van Zyl